**Reeks:** *Things that Last Forever*
**Titel:** *Exploring Ways of Living Love*
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 6 Maart 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"Love endures long and is patient and kind. Love never is envious, nor boils over with jealousy. It is not boastful or vainglorious, does not display itself haughtily. It is not conceited, it is not rude, and does not act unbecomingly. Love does not insist on its own rights or its own way, for it is not self seeking. It is not touchy or fretful or resentful. It takes no account of the evil done to it. It does not rejoice at injustice and unrighteousness, but rejoices when right and truth prevail. Love bears up under anything and everything that comes. It is ever ready to believe the best of every person. It hopes are fadeless under all circumstances, and it endures everything. Love never fails."
***1 Cor 13:4-8a (Amplified)***

Is daar iets in 'n verhouding wat meer belangrik is as enige iets anders? Is daar iets wat 'n verhouding laat werk meer as enige iets anders? Is dit miskien kennis? As ek regtig kan verstaan hoe hierdie persoon werk dan kan hierdie verhouding werk. Is dit chemistry? Persoonlikhede? Daar is net sekere persoonlikhede wat glad nie werk met 'n ander soort persoonlikheid nie, so dis dalk die belangrikste ding wat ons kan doen om te verseker die verhouding gaan werk. Kom ons doen toete. Kom ons kyk, is ons compatible?

Is dit vaardighede? As ek kan leer om te kan luister, as ek kan leer om te kommunikeer, om my... om woorde te gee vir my emosies en my idees om te sit in woorde, dan kan 'n verhouding werk. As ek oor die bruggie kan stap en regtig in die ander ou se skoene kan gaan staan, dan kan 'n verhouding werk. Of is dit dalk godsdiens? Is dit die belangrikste ding? Mens moet geloof deel met 'n ander ou om 'n verhouding te laat werk. Of is dit as ek 'n geestelike persoon word? As ek nou genuine alles vir die Here gee en my grootste doel is net om vir die Here leef, en ek bid baie, en ek glo regtig, dan werk 'n verhouding.

Ja, daar is iets wat meer belangriker is as enige iets anderster. Paulus sê dis die liefde, en Paulus sê dis moontlik dat ek baie ander goed kan hê. Ek kan al die kennis besit. Ek kan 'n professor in sielkunde wees en presies weet hoe werk iemand anderster. Ek kan baie spiritual wees. Ek kan in tale praat. Ek kan geloof hê om berge te versit, dis 'n gevorderde stadium van geloof. Ek kan al daardie goed hê, maar dan het ek nog steeds nie liefde nie. Ek kan baie goed doen en groot sukses behaal, maar as ek nie liefde het nie dan is dit niks nie. Die belangrikste ding wat daar is is liefde, en dis moontlik dat ek baie ander goed kan hê en nie liefde hê nie, maar dan mis ek die punt.

Ek het 'n rukkie gelede 'n boek gelees, Adventures in Missing the Point, so ek dink dis dalk 'n trip vir baie van ons se lewens, 'n groot avontuur om die punt waaroor dit eintlik gaan te mis die heeltyd. Dis liefde, en dit lyk asof die dissipels juis op so 'n journey was, nê. Hulle kom terug, ons het groot sukses. Ons bid vir siekes, hulle word gesond. Ons preek, ouens kom tot bekering, en hulle is so bly daarop. Hulle is so opgewonde daaroor.

Hulle ervaar krag, maar hulle ken nie liefde nie, en die Here Jesus nooi hulle uit om 'n ander soort lewe te begin leef, en wat Hy eintlik ook vir hulle daardeur sê is die lewe lê nie in hierdie momentele groot events van jou lewe nie, maar dit lê in die alledaagse kontak en omgaan met ander mense. Dit lê in die liefde, dis wat dit is, en as Paulus sê die liefde is die grootste ding wat daar is dan sê hy eintlik vir ons die belangrikste ding wat daar is in die lewe is is verhoudings. Dis wat vir altyd bly.

Jy is vanaand so gelukkig as wat jy is in jou verhoudings, nie wie jy ken nie, nie hoe groot jou bankbalans is nie, nie hoeveel sukses jy onder jou belt het nie, nie die posisie wat jy nou beklee nie, dis nie... dis nie waar jou geluk in lê nie. Dis in die kwaliteit verhoudings wat jy het, en liefde is 'n woord wat 'n sekere kwaliteit verhouding beskryf, en daarom sê Paulus dis die grootste, dis al wat bly vir altyd. Jy kan niks saamvat anderkant toe nie. Al wat bly is verhoudings. Dis ander mense wat gaan, en dis jou verhouding en jou connection met die Here. Dis wat bly vir altyd.

So wat beteken dit om lief te hê? Vanaand vyf goed, 'n opsomming van 1 Korintiërs 13, en die doel hoekom ons 1 Korintiërs 13 in 'n ander baie onbekende vertaling gelees het is juis omdat ons baiekeer met hierdie baie bekende gedeeltes in die Bybel, en dit is een van daardie mees bekende gedeeltes in die Bybel, baiekeer afskakel as ons dit hoor, want ons hoor dit gewoonlik by troues en begrafnisse, en dan het ons hierdie assosiasies daarmee, maar ek hoop julle het iets nuut gehoor as jy ander woorde hoor van dit waaroor die liefde gaan. Dis belangrik, want liefde het amper 'n betekenislose woord geword in die tyd waarin ons lewe.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jy weet, ons het die Here lief, ons het ons vrou lief, ek het my meisie lief, ek het... ek is baie lief vir sjokolade, en ek is lief vir rugby, maar dis seker nie dieselfde ding waarvan ons praat die heeltyd nie. As dit vir jou is, dis hoekom dit dalk so tough is vir jou, die lewe. Dit is heeltemal ander goed waarvan ons praat, so wat beteken dit om lief te hê? Vyf goed uit 1 Korintiërs 13, om... die liefde gee tyd. Dit kwyn as dit gejaagd is, en dit gaan dood as dit nie kan wag nie, want die liefde verdra. It endures everything without weakening.

Dit beteken dat goed gebeur met my in 'n verhouding wat nie vir my lekker is nie, en ek is bereid om op te sit daarmee. Dit beteken goed wat aan my gedoen word, of goed wat nie gedoen word nie wat ek baie graag sal wil hê in 'n verhouding gebeur nie, en ek is bereid om met daardie frustrasie en daardie spanning, daardie tension, te leef. Ek vat dit. Nou, dit gaan teen sekere van ons persoonlikhede, en ek dink die hele kultuur waarin ons leef.

Ek dink elke advertensie wat daar vir ons is sê vir ons jou lewe kan gemakliker wees, raak ontslae van ongerief in jou lewe. Ek meen, dit is amper die motto waarvolgens 'n klomp mense vandag leef. Ek voel nie lekker nie. Dis asof ons hele lewe ingerig word om net ontslae te raak van al die frustrasie wat daar in die lewe is, en hier kom die liefde en die liefde sê ek vat daardie frustrasie en ek is bereid om daarmee te leef en daarmee te sit.

Kyk, daar is sekere persoonlikhede wat dit ook nie kan vat nie. Ek is een van hulle, 'n A tipe persoonlikheid. Jy weet, jare terug as iemand vir my 'n kompliment gee, as hulle vir my sê jong, jy vat darem nie nonsens nie, jy laat goed gebeur, hoor, jy sort goed sommer vinnig uit, dan het ek gedink dis 'n kompliment. Ek het gedink thanks man, maar eintlik sê hulle vir my, hey, jy is 'n ou wat nie kan liefhê nie, maar ja, maar great vir jou, hoor.

Kyk, baie van ons dink... kyk nie so daarna nie, en dit is 'n ding wat jy ontdek met die liefde, dat sekere persoonlikhede gaan met sekere aspekte van die liefde baie gemakliker regkom, maar ander aspekte van die liefde kan vir jou baie moeiliker wees om te hanteer. Ek dink vir 'n A tipe, 'n gedryfde tipe persoonlikheid, 'n ekstrovert, dis bietjie moeilik om te sê nou sit ek op daarmee. Ek loop nou met hierdie frustrasie. Kyk, as jy nie bereid is om dit te doen nie gaan jy nooit getrou kan wees nie, en jy gaan nooit respek kan hê of respek kan toon as jy nie bereid is om dit te doen nie.

Kom ek verduidelik. In die reeks op televisie op die oomblik, 30 Something, gaan oor die lewe van 'n klomp jong getroude paartjies. Die manne het 'n aand uit. Die vrouens is op hulle eie en die manne gaan na 'n plek toe, en hulle het vir een ou gevra om spesifiek die reëlings te tref by die hotel waar hulle die aand gaan spandeer, en toe hy by die hotel kom toe ontmoet hy hierdie meisie, en oombliklik is daar chemistry, hulle click net.

Jy weet mos, partykeer ontmoet jy mense en dit voel vir jou ek ken hulle al jare, en dit gebeur met die twee, en so deur die loop van die aand, soos wat die aand aangaan moet hulle kort-kort... moet hulle met mekaar praat, en daar is goed wat hulle moet reël, en daar is net daardie chemistry en connection is net daar, en aan die einde van die aand is die manne nou weg.
Hy gaan om te betaal en hy praat met haar, en sy kyk so na hom.

Sy sê vir hom, maar weet jy, dis so great om jou te ontmoet en dit was baie lekker gewees. Gaan ons mekaar weer sien, vra sy vir hom, en sy sê vir hom ek het ook nou tyd. Ek is beskikbaar vanaand as ons wil kuier of... en hy raak 'n oomblik stil en hy sê, jong, ek moes jou gesê het, ek is getroud, en sorry dit gaan nie vir my werk nie, en hy draai om en hy klim in die kar, en sy gedagtes gaan terug. Die aand net voordat hy gekom het het hy en sy vrou baklei. Hulle is nie op 'n lekker plek nie.

Hy klim in die kar en hy ry terug, en nou sit hy met hierdie... en dan speel hulle in die agtergrond die dodemars, en nou ry hy terug, jy weet, en dis hierdie teleustelling. Dit is... hy kom terug en ou knorpot is daar en sy sê vir hom hallo, en sy sort hom weer uit, en kyk nou na waar toe kom ek terug. Ek het hierdie connection. Ek het hierdie... en hy dra daardie tension, hy vat daardie spanning, jy weet, en dis amper asof dit ook die suggestief... die suggestie was daarvan, seksuele spanning waarmee hy nou sit, en hy dra dit. Dis liefde. Dis liefde.

Jy gaan nooit getrou kan wees in die huwelik, in 'n verhouding, in jou roeping, in die familie, as jy nie spanning en frustrasie kan vat en daarmee kan loop nie. Jy sal nooit respek kan hê as jy toegee, die heeltyd, aan jou gevoelens en jou behoeftes, en wil hê dit moet oombliklik vervul word, wat dit ookal mag wees, en jy glad nie omgee van die effek van wat dit kan hê op ander mense nie, geen respek nie. Jou lewe gaan meer destruktief raak vir jouself en vir ander as wat dit lewe gaan bring en lewe gaan gee vir ander mense.

Dis nie respekvol as jy vir iemand sê, luister hier, ek is nou moeg hiervoor, jy sal dit nie weer doen nie. As jy dit weer doen is dit verby, en dan is dit verby volgende keer. Dis nie respek vir 'n ander persoon nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Jy weet, ek praat ‘n ruk gelede met ‘n oom, hy is 35 jaat getroud. Hy is oortuig daarvan dat sy vrou het ‘n komplot gesmee die aand van die huwelik dat sy die lewe vir hom gaan hel maak. Ek sê vir hom, maar oom, dink jy dis lekker vir haar. Dink jy dis lekker vir haar? Nee boetie, ek weet nie of dit lekker is nie, maar een of ander manier kry sy ‘n genot daaruit. Ek sê vir hom, oom, het jy ooit al daaraan gedink dalk kan sy nie. Dalk kan sy nie. Sy wil, maar sy kan nie. Sy het ‘n onvermoë om dit te kan doen, en die liefde sê ek gee vir jou die spasie, ek gee vir jou die tyd, ek verdra dit, ek sit met dit op, en partykeer is dit selfs verkeerde goed wat ek mee moet bereid wees.

Jy weet. Petrus sê dit is hoe die Here is. He gives everyone space and time to change. Dis hoe Hy is. Dis wat respek... is dit nie wat Jesus gedoen het nie, aan die kruis? Ons sê Hy het die sondes in hom ingeneem, nê. Wat... hoe... wat beteken dit? Ek het... Hy het jaloesie, Hy het beskuldigings, valse beskuldigings, Hy het haat, Hy het verwyt, Hy het alles in Hom ingeneem en Hy absorbeer dit. Hy verwerk dit. Dit transformeer binne in Hom en daar kom liefde uit. Hy sê vergewe hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie.

Dis so ietsie van hierdie dramatjie wat uitgebeeld is, nê. As sy nie so lief was vir haar hond nie het sy hom seker geskop nou, jy weet, want die baas raas met my, ek skop die hond en dan... jy weet, dit is so ‘n kettingreaksie, en dan gaan dit net so aan, en uiteindelik kom dit by ‘n ma wat op ‘n manier probeer om dit te absorbeer, en dit te vat, en te sê maar ek laat nie hierdie kring net... ek laat dit nie aangaan nie. Dit stop nou, abosrbeer dit, en dit transformeer, en ek sit dit oor in liefde.

Die tweede groot ding van liefde, die liefde gee om. Dit kwyn as dit net jammer voel, en dit gaan dood as dit onbewus is. Kom ons begin agter, onbewuste lewe. Dis hoe baie deur die lewe gaan. Dit is hoekom Jesus ook gesê het ek vergewe hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie. Hulle is totaal onbewus.

Jy weet, die realiteit van baie van ons se lewens het so verskraal dat al wat vir ons real is is ons probleme. Dis al wat real is. Dis asof ek nie eers bewus is van die pyn en die realiteit van ander mense om my nie, en ek dink dit het met elkeen van ons al gebeur. As jy op ‘n plek kom waar jy diep seergemaak is, of jy is onder baie stres kan jy in ‘n baie mooi woud wees, maar as jy in daardie woud is sien jy glad nie die wonder van die natuur raak nie. Jy is glad nie geraak nie.

Jy kan net sowel in die parkeer area rondloop, want al wat in jou kop is en al wat vir jou real is is jou... hy het vir my... ek kan nie glo hy het dit gedoen nie, maar ek moet nou oppas wat hy nou... ek gaan vir hom dit sê en ek gaan... as ek terugkom by die huis gaan ek hom.. dis al waarmee jy besig is. Dis jou realiteit. Dis jou bestaan.

Dan is daar van ons wat op ‘n hoër bewussynsvlak leef. Ek sien en ek kom agter ander mense het ook probleme en ander mense het ook pyn, maar ek kan net simpaties meeleef. Net vir ‘n oomblik voel ek jammer. Dis soos, jis, dit moet darem maar bad wees. Dis darem maar verskriklik waardeur hy gaan, en jy draai om en jy gaan aan met jou lewe.

Jy is nie eintlik geraak daardeur nie, of dit is... en dan sê jy wat? Ek wil die nie sien nie. Ek wil nie met daardie goed te doen kry nie want daardie goed is morbied. Dit laat my net sleg voel. Ek wil aangaan met my lewe, so jy gaan na plekke toe en jy assosieer jou met mense wat mooi is en wat goed is en gesond is, en alles is reg met hulle, jy weet, en dan is dit jou lewe, maar dis eintlik baie bad, en dan is daar die ander ou wat geraak is deur die pyn, en dan wil hy net red. Dan kom ek en dan sê ek, ag, ek sal hierdie pad... ek gaan hulle help, dit laat my soveel beter voel as ek hulle kan help, jy weet, gedryf deur simpatie.

Paulus praat in 1 Korintiërs 13:3 van iemand wat sy lewe gee om verbrand te word maar hy het nie die liefde nie. Nou waarom sal iemand sy lewe gee om verbrand te word as hy nie liefhet nie? Sodat hulle net vir ‘n oomblik kan dink ek is okay, ek is geestelik, ek is \n martelaar, om my naam te verewig?

Ek doen dit vir myself. Ek doen dit nie vir hulle nie. Dit is ‘n nuwe avontuur van die ego. Hy is nou geestelik, nou doen ek dit. Jy weet, dit is die motto waarvoor ons baie is, ons koop goed wat ons nie nodig het nie met geld wat ons nie het nie om mense te beïndruk wat ons nie ken nie. Huh? Hoe siek is ons nie? Net daardie oomblik, as hulle net kan dink en sê dis darem ‘n mooi kar wat daardie ou het, huh? Dis genoeg vir my.

Dis ego. Dis nie liefde nie. Dis op hierdie simpatiese vlak mee te leef. Die liefde gee om. Die liefde word diep geraak, and he was moved with compassion. Dis die lewe van Jesus. Dis hoe hy geleef het. Dis ‘n scary plek om na toe te gaan. Dis... en daardie compassion is... die woord daarvoor is dis in jou ingewande. Iets... daar is ‘n beweging in jou ingewande. Ek word diep hier in my binneste... ek... dan kan ek lag saam met die wat lag en ek kan huil saam met die wat huil. Jou lewe is baie real vir my, en wat met jou gebeur raak my intens en raak my

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

diep. Dis liefde. Dan gee die liefde ook glo. Die liefde glo. Dit kwyn as dit twyfel. Dit gaan dood as dit nie kan vertrou nie.

Nou, ek wil nie oor die algemeen oor vertroue praat in 'n verhouding nie, maar oor 'n geloof, dat ek sien ek het brille op as ek na jou toe kyk, en as ek na jou toe kyk dan sien ek goeie goed in jou lewe. Ek sien kapasiteit in jou opgesluit. Dis wat ek sien.

Kyk, ons het 'n ander natuurlike geneigdheid. Ek sien dadelik wat verkeerd is, en min van ons is ingestel om iemand uit te vang iets goeds doen, en dan voel ons dit is ons taak in die lewe om jou dadelik bedag daarop te maak. Kan jy sien hoe verkeerd het jy nou gemaak? Dan dink ons as ek jou help om jou te vertel hoe verkeerd jy is en hoe sleg jy is, dat jy skielik gaan goed word daardeur.

Erens werk iets nie in hierdie logika nie. Dit werk presies die teenoorgestelde, en dis wat liefde doen. Ek sien die goeie goed in jou raak en ek bevestig dit in jou lewe en ek tel dit uit uit jou lewe uit, en dit help, en dit motiveer jou om 'n goeie mens te word en 'n goeie mens te wees, en die sielkunde het vandag bewys dat jy leef op aan die verwagtinge van die mense wat die naaste is aan jou.

'n Ou in Amerika, 'n proffie in Amerika, McGregor, het uitgevind dat elke mens 'n basiese ingesteldheid het teenoor ander mense, en hy sê daar is drie soorte ingesteldhede, 'n X, 'n Y en 'n XY ingesteldheid. 'n X ingesteldheid noem... is iemand wat glo dat ander mense is fundamenteel sleg. Jy moet bewys dat daar iets goeds in jou is. Ek weet jy is bad news, en dit gebeur natuurlik met ons as jy so 'n paar stampe in die lewe gekry het. Party van ons het daar... teenoor mans die ingesteldheid as gevolg van wat met jou gebeur het. Alle mans is sleg en soek net een ding, huh, en dan gaan jy so in die lewe in, jy weet, en dan is daar mense wat sê mense is fundamenteel goed, en ek wonder watse invloed jou opvoeding en die kerk op jou gehad het, die teologie wat jy gevoed is.

Ek was van kleins af gevoed jy is 'n sondaar, jy is sleg, so elke Sondag as ek kerk toe gaan vertel... is daar nuwe sondes wat die ou hierdie week uitgedink het om my te vertel. As jy hierdie goed doen gaan jy hel toe. Ek kan nie anderster om te gedink het almal is sleg nie, maar jy weet, daar is 'n ander boodskap wat die Bybel ook gee. Dis nie jy is 'n sondaar, P.S. en onthou, moenie vergeet nie, jy is ook geskape na die beeld van God nie.

Ek wonder of die Bybel nie sê jy is geskape na die beeld van God, en jy het ook ontspoor, jy het ook sonde, jy is ook sondig, maar jy is ook geskape na die beeld van God, en weet jy wat het hierdie professor uitgevind? Dat jou ingesteldheid het 'n baie groot invloed op jou lewe, op jou geluk, op hoe goed jy gaan vaar in werk, op 'n klomp goed het net jou basiese ingesteldheid teenoor ander mense, en ek dink liefde sê ek het 'n positiewe ingesteldheid teenoor ander mense al het ek seergekry in die verlede. Al is dit vir my baie moeilik om weer te glo wil ek glo in jou en sien ek baie goeie goed in jou raak. Dis liefde.

Jy weet, en ons doen dit as... toe ons klein is het jou ouers dit outomaties met jou gedoen. Haai, kyk hoe oulik is hy, jy weet, en ek glo hy het wonderlike goed... hulle het fisies in jou geglo dat jy sal kan loop, sommer vroeg, altyd te vroeg. Lank voor jy kan dan tel hulle jou op, dan sê hulle vor jou, kom, man, jy kan loop, ek weet jy kan, en dan los hulle jou, en wat gebeur? Whaf, daar lê jy. Hulle doen dit aanmekaar.

Hulle het nie... na die vierde keer het jou pa nie gesê nee wat, hy gaan nie kan nie. Huh? Weet jy hoe bly kan jy wees, anderster sou jy vanaand hier ingekruip het. Almal het geloop, net jy kom in... hy sê al het ek al die bewyse nou, hy kan nie loop nie. Ek het nou al vier keer getry, dis nou... ek... weet jy wat, ek gee nie... ek glo hy kan. Ek glo hy kan. Hoe... en emosioneel, psigies het hulle dit met jou gedoen, talente in jou uit... het jy gesien hoe oulik is hy? Hy is so kunstig, en toe ek vir hom daardie kwas gee... ek meen, jy sien net 'n blerts daarso. Kyk hierso. Hulle sien, hulle glo net hierdie goed die heeltyd van jou, maar êrens dan sny dit af.

Maar weet julle, dis hoe die Here gemaak het met sy dissipels ook, Jesus. Weet jy, hy vat daardie 11 ouens, en as jy bietjie gaan kyk na hulle, hulle het hom almal verlaat, hulle het hom verraai, hulle het... dit is nie die beste 11 ouens om 'n enterprise op te bou nie, en hy sê vir hulle ek gee vir julle nou die koninkryk. Vat dit nou na die wêreld toe. Daardie 12, huh? Hy glo. Dis net... dis net wat hy sien in hulle, opgesluit, en dan vra hy vir hulle om sekere goed te doen.

Hy sê hoor hierso, as jy loop, die wet sê 'n Romeinse soldaat kan vir jou sy tas gee om te dra vir 'n myl, maar as jy dit gevat het vir 'n myl en jy kom op die einde van die myl dan sê jy vir die ou gaan jy daardie rigting? Ek ook. Kom ek dra jou tas nog vir jou. Wat? Waar kry 'n ou daardie kapasiteit om... nee, jy kan. Jy kan, sê die Here. Hy sê vir jou vergewe. Hoe kan ek vergewe? Weet jy wat het daardie ou gedoen aan my? Ja, jy kan. Vergewe. Vergewe. Hy glo aanmekaar. Hy het hierdie hoë dunk van jou, en dis hoe Hy is omdat Hy liefde is, en dan gee die liefde. Dit kwyn as dit onderhandel. Dit gaan dood as dit net neem.

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Baie ouens is in 'n verhouding net om te kry. Baie is in 'n funksionele verhouding. 'n Vriend van my sê vir my, weet jy, ek weet nie of ek een vriend het wat net met my vriende is om wie ek is nie. Almal is in met 'n motief. As ouens by my kuier, as hulle vir my geskenkies gee, as hulle vir my mooi goed sê, dan is... alles is om... is vir besigheid, dis om iets te kry by my, dis om... ek is so alleen, ek is so geisoleerd, en dis hoe baie verhoudings...

Weet jy, selfs in die huwelik gaan ouens in met wat hulle kan kry, dan noem hulle dit liefde. Ek is so lief vir hom, want weet jy wat doen hy alles vir my, en dan natuurlik kom die tyd wat hy nie meer alles kan doen nie, en dan? Dan vat liefde my na 'n ander plek toe. Ons liefde het opgedroog. Hy vervul nie meer my behoeftes nie, maar nou het ek iemand gekry, dankie tog. Hy het my so lief. Hy gee dit nou weer vir my.

Daar is ouens wat op 'n hoër vlak leef. Kom ons onderhandel met mekaar. Jy doen dit vir my dan doen ek dit vir jou. Dis 'n kontrak. Dis hoe baie huwelike vandag is, nê? Kyk, as jy minder golf speel en meer tyd met die kinders spandeer dan gaan my kop nie so seer wees in die aand nie. Dis onderhandelinge, dis nie liefde nie. Die liefde gee. Die liefde gee, en dis 'n wonderlike plek om na toe te gaan as jy net, ek wil amper sê half ligsinnig gee sonder om te dink, sonder bedag, net te gee.

Jesus het gesê dis saliger om te gee as om te ontvang. Dit is greater. Het jy daardie geheim van die lewe al ontdek dat dit greater is om te gee as om te ontvang en op daardie plek te kom waar jy onselfbewus raak van dit wat jy doen? Kyk, dis wat die ouens gedoen het in Matteus 25 toe hulle by Jesus kom en hulle sê vir Hom ons het... wanneer het ons vir jou water gegee? Wanneer het ons vir jou kos gegee? Ons weet dit nie eers nie.

Jesus sê julle het vir my kos gegee. Hy sê as julle dit aan die geringstes gedoen het het julle dit aan my gedoen. Ons was onselfbewus gewees toe ons dit gedoen het. Dis die plek om te... ek is opgeneem in die daad self van gee. Ek doen dit nie berekend, bedag, wat gaan ek hieruit kry nie. Ek doen dit nie omdat, okay, ek gee nou dit vir jou dan gaan jy nou dit vir my gee. Okay, ek glo in saai en maai. Ek saai nou want ek gaan nou maai hieruit.

Nee, onselfbewus. Ek weet nie eers dis 'n goeie ding nie. Ek doen dit omdat dit edel is. Ek doen dit omdat dit reg is. Ek doen dit omdat dit liefde is. Dis hoekom ek dit doen, en ek is opgeneem in die daad self, want dis reg en dis goed en dis mooi om dit te doen, dan gebeur daar magic met jou natuurlik, nê. Dis dan wanneer die blydskap, die vervulling, die... dis dan wanneer die lewe 'n vriendelike plek word en die wêreld 'n vriendelike plek word, dan neem die toevallighede in jou lewe toe van ander mense wat nice is met jou en wat jou liefhet, want wat jy gee dan kom dit so terug na jou toe.

In die laaste plek, die liefde vergewe. Dit kwyn as dit die verlede ophaal. Dit gaan dood as dit aan die verlede vashou. Die Bybel sê in Jeremia 31:34 dat die Here vergewe ons al ons sondes en Hy sal nooit weer daaraan dink nie. Om te vergewe beteken om uiteindelik by die plek te kom waar jy vergeet en waar jy nie meer daaraan dink nie en dit nie meer ophaal nie.

Nou, dit is baiekeer 'n proses om daarby uit te kom. Kyk, ons gaan gewoonlik eers in skok en ons ontken en ek sê ek kan nie glo hy het dit gedoen nie. Dis onmoontlik. Dit is nie hy nie, en dan gaan jy in woede in, en dan blameer jy, en dan gaan jy in depressie in wat vir jou sê dit... nou het alles verander. Ek weet nie hoe kan dit weer dieselfde wees nie, en dis alles reg en dis goed en dit is waardeur 'n mens moet gaan in verlies, want jy verloor iets moois en goed wat jy gehad het, maar dan moet jy op 'n plek kom waar jy kan laat gaan, en dis wat vergifnis beteken, en ek hou van iemand wat...

Stoop is die ou sê naam wat gesê het om te vergewe beteken dat ek belowe jou nou ek gaan nie weer met jou hieroor praat nie. Ek gaan dit nooit weer ophaal nie. Ek belowe jou ek gaan nie met ander mense hieroor praat nie, en ek belowe jou ook ek gaan nie meer met myself hieroor praat nie. Ek stop ook hierdie gesprekke in my eie kop hieroor, want dit is nou verby. Dis nou verby.

Ek hou van Paulus in Romeine 8 wat sê the best thing te do is to give it a decent burial and get on with your new life. God's spirit beckons. There are things to do, there are places to go. Laat dit gaan. Begrafnistyd. Jy weet, en miskien moet jy so 'n eie ritueeltjie vir jou uitdink as jy vasgehaak het en jy kan nie laat gaan nie. Maak 'n kissie, brand iets, skryf iets, ek weet nie wat nie, maar 'n ritual van 'n begrafnissie, en nou is dit verby. Nou is dit klaar. Nou stop ek dit. Ek laat dit gaan, want dis wat liefde is.

Weer julle wat tref my van die liefde? Dat dit te doen het met sulke klein, gewone, alledaagse goedjies. Die liefde is nie hierdie groot heroïse dade wat jy moet doen nie, en dis asof Paulus sê maar kan jy dit glo, dis waar die lewe lê? Die lewe lê in klein, gewone, alledaagse goed. Jy weet, baie van ons het 'n godsdiens gemaak uit die ongewone en uit die buitengewone van die lewe.

© Mosaiek

Jy weet, dit is in hierdie wonderwerke, dit is in hierdie groot... dis die opstanding uit die dood, jy weet, dis hierdie groot ding. Dis die opwekking van Lasarus. Dis waarom my geloof draai en alles van my lewe gaan. Dit het net een keer gebeur in Jesus se lewe, heel moontlik nie in jou lewe nie, maar dis nie waaroor die lewe gaan nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Dit gaan oor liefhê. Dit gaan oor nou, as jy sê hallo. Dit gaan oor of ek luister. Dit gaan oor my reaksie op dit wat jy sê. Die liefde is dit wat die heeltyd gebeur in jou en om jou. Dink net wat kan gebeur as jy hierdie oë kry van liefde, hierdie ingesteldheid van liefde, dat elke oomblik wat ek met iemand 'n... en weet jy, dan ook as ek weg is van hulle, ook hulle... wat in my kop aangaan, hoe ek dink oor hulle, waarmee ek besig is in my kop, hoe ek besig is in my kop. Dis liefde.

Dis liefde, en ek dink daar is een ding wat sekerlik in ons losgemaak word as jy regtig hierdie gedeelte verstaan en verstaan wat vanaand gesê word ook, dat ek is nog nie daar nie. Ek het soveel om in te kan groei, en die doel van hierdie ding is nie om skuld te bring by jou nie, want dit motiveer jou nie. Dis om geloof te bring, dat daar so 'n lewe is en dat jy so 'n lewe kan leef, en dat dit die lewe is, want dan is jy in God en God is in jou. Dis die misterie van ons bestaan. Kom ons bid saam.

Vader, ons dank U dat ons vanaand so kan saam wees, en baie dankie vir U Woord wat 'n lig is op ons pad en wat vir ons die pad wys, en ek dank U so vanaand dat hierdie lig op ons lewe kan val, en ek hoop so vanaand dat elkeen van ons iets gesien het van waar ons kan liefhê, van geleenthede.

Miskien is daar vanaand van ons wat ook nou met baie groot skuld sit en ons wil ook ons sondes bely en ons omvermoë om te kan liefhê, en hoe hard dit vir ons ook kan wees. Ons besef ook vanaand ons sal dit nooit sonder U kan doen nie. Help ons daarmee, maar dankie dat U ons vergewe en dat U U liefde in ons hart uitstort deur die Heilige Gees, en ons die krag gee en ons help. Ons besef vanaand dat ons baiekeer net daardie eerste treetjie moet gee dan vind ons uit ons kan en U help ons.

Help elkeen vanaand van ons om net te beter visie te kry, 'n beter begrip en 'n idee te kry van wat die lewe eintlik is, wat die goeie lewe is, en wat dit is om lief te hê in ons lewe, waar ons is. Help ons om hierdie goed van die kop af na ons hande toe te vat, na ons harte toe te vat, en dit te lewe. In die naam van Jesus, Amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê die liefde van die Here Jesus beleef en ervaar in jou lewe. Amen.

© Mosaiek

die kuns van lewe!